

Die Heilige Gees sal ons alles leer wat ons moet weet

Dit is of Jesus Christus nie kan afskeid neem van sy dissipels nie. Hy leer en onderrig hulle noudat sy heengaan naby is. Jesus sê aan hulle dat Hy moet weggaan na sy hemelse Vader toe, maar Hy wil hulle nie alleen laat nie, daarom belowe Hy die Voorspraak, die Heilige Gees (die *parakleet* in Grieks), wat na hulle toe sal kom, in hulle sal bly en hulle alles sal leer wat nodig is vir hulle verlossing.

Wat Jesus eintlik hier in vers 25 en 26 vir sy dissipels leer, is dat toe Hy by hulle was, Hy hulle self onderrig het, maar noudat Hy weggaan, Hy hulle deur die Heilige Gees verder gaan toerus en onderrig. Dit is wat Paulus ook geopenbaar het in 1 Korintiërs 2:13: "Dit verkondig ons ook, nie met geleerde woorde wat die menslike wysheid ons leer nie, *maar met woorde wat die Gees ons leer.*"

Die Heilige Gees, die derde Persoon in die Drie-Eenheid, is die Helper, Hy onderrig deur die Woord, Hy maak ons heilig, Hy leer ons elke dag. Ons lees in Handeling 2:33: "*Hy (Jesus Christus) is verhoog aan die regterhand van God en Hy het die Heilige Gees wat belowe is, van die Vader ontvang en uitgestort. Dit is wat julle nou sien en hoor.*" Die Heilige Gees leer ons van die volkome verlossing deur Jesus Christus. Die Vader en die Seun het die Heilige Gees gestuur om ons te onderrig (vgl. 1 Joh. 2:27).

Wat die Heilige Gees aan ons leer, is eerstens alles wat ons nodig het om te weet van ons verlossing, maar ook om te getuig van Jesus Christus se verlossingswerk vir almal wat in Hom glo. Tweedens sal die Heilige Gees ons herinner aan alles wat Jesus Christus aan die dissipels geleer het. Jesus sê telkemale dat die Heilige Gees hulle aan *alles* sal herinner wat Jesus ons in onderrig het. So word elke kind van God wedergebore deur die Heilige Gees en ingelei om *alles* te leer wat God aan ons openbaar. Daarom moet ons die Woord van God lees en na Hom luister. Daarom moet ons bid om die verligting van die Gees. Daarom het ons die sekerheid: die Heilige Gees is uitgestort om elke kind van God na Hom toe te lei, te leer en te onderrig.

Sing: Psalm 25:2

Ds. GS Kruger (Centurion)